

DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEREGTELIKE GENEESKUNDE

deur

Prof. dr. J. STUDER



PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS NR. 84 — 1974

TUK 614.1
STUDER

617991523

REDAKSIEKOMITEE


Prof. dr. B. J. Engelbrecht
(Voorsitter, Navorsing- en Publikasieskomitee)

Lede:

Prof. dr. D. J. J. Potgieter
Prof. dr. W. C. van Wyk

Die publikasie van hierdie reeks word moontlik gemaak deur fondse wat deur die Universiteit van Pretoria aan die Navorsings- en Publikasieskomitee beskikbaar gestel word.

OUTEURSREG
VOORBEHOU



STUDER

**PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
NUWE REEKS**

NR. 84

DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEREGTELIKE GENEESKUNDE

deur

Prof. dr. J. STUDER

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die
Professoraat in die Departement Geregte like Geneeskunde
gelewer op 24 Junie 1974.



**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA
1974**

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie
vermeld word, is verkrygbaar by:

**Van Schaik's Boekhandel (Edms.) Bpk.,
Burnettstraat 1096,
Hatfield,
PRETORIA.
0002**

Prys: R0,50

ISBN 0 86979 084 6

1



DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEREGTELIKE GENEESKUNDE

Geregtelike Geneeskunde behels die lewering van deskundige mediese getuienis in die beslegting van sake en die wetlike verpligting van die geneesheer teenoor die samelewing of staat. Dit is 'n mediese dissipline wat ten doel het om die wettoepasser behulpsaam te wees met kennis van die Geneeskunde.

Ter inleiding kan die historiese oorsprong van die vak kortliks geskets word. Dit val dadelik op dat daar twee chronologiese tydperke onderskei kan word. Die eerste het etlike duisende jare geduur en in hierdie tydperk het die Geregtelike Geneeskunde nog nie as 'n volwaardige dissipline bestaan nie. Daar was geen geregtelike geneeskundiges soos ons hulle vandag ken nie en ook nog geen vakliteratuur wat spesifiek oor die rigting gehandel het nie. Die tweede tydperk strek vanaf die einde van die sestiende eeu. Die eerste ontwikkelinge vind plaas in Italië en versprei daarna na Duitsland, waar die vakgebied besonder vinnig groei tot 'n selfstandige dissipline. In sommige lande, soos bv. die V.S.A., is die ontwikkeling deur 'n baie traag gang gekenmerk.

DIE VROEË OF EERSTE TYDPERK

Medisyne en die wet is sedert die vroegste tye ten nouste aan mekaar gekoppel, en die bande wat hulle oor die jare heen saamgesnoer het, was die Godsdiens, bygeloof en towery, wat so algemeen was by primitiewe gemeenskappe. Die funksies van die geneesheer en die juris was verenig in die priester, en dis uit die priesterschap dat ons hedendaagse geneesheer embrionaal tot wasdom gegroei het. Die ou Grieke het na die priester verwys as die *latricos*, wat beteken geneesheer, afgelei van *IASTHAL*: om te heel. Siekte en dood was beskou as die goddelike straf vir nie-eerbiediging van die goddelike wet, of die gevolg van towery of bose geeste. Genesing, daarenteen, was 'n strafvermindering of versagting van die goddelike strafkode en is bewerkstellig deur die priester, wat gebruik gemaak het van gebed, offerhande of direkte behandeling. Die priester het soms sy kennis van medisyne gebruik vir 'n heel ander doel as genesing, veral met sy kennis van giftige plante. Die priester het dus fungeer as wetgewer, regter, geneesheer en toordokter. By die Ou-testamentiese Jodedom kry ons die verskynsel dat die Leviëte sowel regter as geneesheer was. Aan die melaatse is gesê: „Gaan heen en vertoon jou aan die priester”.

Die oudste regscode aan ons bekend is deur opgrawings gevind by Babilon, waar die wette van koning Hammurabi 2250 tot

2200 jaar voor Christus op klei gekodifiseer is. Die regte en pligte van die geneesheer word hier kortliks gemeld en vir die eerste keer maak ons kennis met wetgewing rakende die Geregtelike Geneeskunde, soos bv. paragraaf 219, vry vertaal: „As die geneesheer die ernstige wond van 'n slaaf of arm man met 'n bronssteekmes behandel het en sodoende die dood van die persoon veroorsaak het, sal hy as vergoeding 'n (ander) slaaf moet voorsien”. Die strawwe wat 'n nalatige geneesheer opgelê is, het afgehang van die sosiale status van die pasiënt en het gewissel van geldelike vergoeding tot amputasie van die hande van die geneesheer. Misdade soos bloedskanie, owerspel, verkragting en geweldadige aanrandings word ook in Hammurabi se regscode behandel, maar die bydrae wat die geneesheer met sy kennis van geneeskunde tot die regspleging gelewer het, word ver-swyg.

Die Egiptenare het sekere oorgelewerde reëls, gebaseer op gewoonte, beskou as bindend op die onderdane. Die geneesheer moes sy pasiënt volgens die gedokumenteerde voorskrifte van die antieke geneesheer van destyds behandel. As hy afgewyk het van die voorgeskrewe behandeling en die pasiënt sterf, was hy aan halsmisdaad skuldig. Hy kon slegs na die vierde dag die behandeling wysig. Die doel van dié wetgewing was waarskynlik om kwaksalwery te voorkom. Die kenmerke van 'n penetreerende steekwond is in die 17de eeu voor Christus beskrywe en daar is ook, interessant genoeg, 'n beskrywing van skedelbreuk sonder enige uitwendige letsels. Die Egiptenare het 'n grondige kennis van natuurlike mummifikasie gehad, soos hulle waargeneem het by liggame wat in die warm, droë sand van hulle land begrawe is. Hierdie kennis het hulle later gebruik in ingewikkelde metodes om liggame kunsmatig te mummifiseer. Swanger vrouens het nie lyfstraf ontvang by oortreding nie. Doelgerigte beëindiging van swangerskap (abortus provocatus) en kinderfoltering was strafbaar deur die wet. Die priester-geneesheer het 'n verbasende kennis van gifstowwe gehad. Daar word ook gemeld dat die priesters soms uitspraak gelewer het of sterfgevallen aan natuurlike of onnatuurlike oorsake te wyte was. Die heel belangrikste aspek uit 'n regsmediese oogpunt beskou, word by die ou Egiptenare, net soos by die Babiloniërs, nie vermeld nie, naamlik of die regters ooit van deskundige mediese getuienis gebruik gemaak het om sake te besleg.

Baie geskiedskrywers reken vandag dat die meeste gesondheidswette aan die ou volkere bekend was, maar dat Moses dit vir die eerste keer ongeveer 1400 jaar voor Christus gekodifiseer het. Hoe weldeurdag die Mosaise wette was, blyk uit die feit dat daar vandag navorsers is wat die doel van elke deel van hierdie wetgewing op weten-

skaplike gronde probeer verklaar. Geskiedskrywers beweer dat sommige van die Mosaïse wette reeds deur die Egiptenare eerbiedig is, soos bv. dié in Num. 19:11, Lev. 19:28 en Deut. 14:1. Numeri 19:11 „Die een wat aan 'n dooie, enige lyk van 'n mens raak, hy sal sewe dae lank onrein wees“. Die doel van hierdie wetgewing is seker vandag vir almal met ons bestaande kennis, duidelik. Moontlik is hierdie verbod verantwoordelik vir die lankbestaande onkunde oor die kennis van die anatomie van die menslike liggaam, wat so onontbeerlik is vir die geneesheer op die gebied van die Geregte Geneeskunde. Selfs Hippocrates (460 - 355 v.C.), wat deur sommige as die vader van die Geneeskunde beskou word, het sy gebrekkige kennis van die menslike anatomie nie deur die ontleding van menslike kadawers verkry nie. Hierdie stap sou eers baie eeue later deur 'n man van Dietse afkoms, Andreas Vesalius (1514 - 1564 n.C.), gedoen word. Herophilus van Chalcedonius het weliswaar die tongbeen beskrywe maar nie die regsmediese belang daarvan besef nie. 'n Waarneming van regsmediese belang, gemaak deur Hippocrates, is die volgende: „Diegene wat van nature baie vet is, is meer geneig om skielik onverwags te sterf as maer mense“. Ook meld hy dat breinbloeding die algemeenste voorkom tussen die ouderdom van veertig tot sestig jaar. Die Hippokratiese eed sluit o.a. die belofte in om nie gifstowwe aan pasiënte voor te skryf nie en ook nie swangerskap doelgerig te beëindig nie.

Aristoteles (364 - 322 v.C.) bepaal die tyd wat die ongebore vrug (fetus) tekens van lewe toon as die 40ste dag na bevrugting. Hierdie bepaling was van groot belang, want by doelgerigte beëindiging van swangerskap moes die hof weet of die ingreep voor of na dié tydstip plaasgevind het. Aristoteles het ook sterk gevoel dat daar 'n wet moes wees wat die verwekking en grootmaak van gebrekkige kinders verbied.

Archimedes (287 - 212 v.C.) is deur die koning van Syracuse versoek om vas te stel of sy kroon van suiwer goud was of nie. Die koning het vermoed dat die vakman wat die kroon gemaak het hom straks gekul het. Die resultaat van Archimedes se poging om dié probleem op te los, is vandag aan elke skoolkind bekend as die wet van Archimedes, soos ook die bevraagtekende moontlikheid dat Archimedes die wêreld se eerste kaalnaeler of kaalholler geword het deur met arbeidsvreug uit die bad te spring, die straat af te nael en te skreeu: „Eureka!“ Minder bekend is die feit dat dié prestasie van Archimedes ook een van die vroegste voorbeelde van die forensiese wetenskap is.

Daar bestaan geen bewyse dat die howe van antieke Griekeland van mediese getuie-

nis gebruik gemaak het nie. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat lyke as heilig beskou is en nekropsies verbode was. Die Grieke het nietemin verskeie gifplante geken, soos **Cannabis indica** (dagga), **Datura stramonium** (stinkblaar) en belladonna (mooinooi)-ekstrakte.

'n Chinese lys gifstowwe, opgestel ongeveer 3000 jaar v.C., sluit arseen, opium en wolwekruid (akoniet) in. Dagga is volgens bewering in die jaar 200 v.C. as 'n narkosemiddel by chirurgiese ingrepe in China gebruik.

Dagga is ietwat later, d.w.s. teen die begin van die Christelike jaartelling, ook in Indië as narkosemiddel gebruik. Volgens die wette van Manu, wat nagenoeg in dieselfde tydsvak gekodifiseer is, kon dronk mense, sieksies, die hongerdes, dorstiges, vermoeides en diegene met gebreke van die sintuie nie as getuies in die howe van die destydse Indië verskyn nie. Ook kon die howe nie die getuies van kinders, bejaarde mans, liggaamlike siek persone en geestelik vertraagde persone aanvaar nie want diesulkes kon straks onwetend nie die waarheid praat nie. Ongeveer tweeduisend jaar na die verskyning van die wette van Manu verskyn daar in 1967 in die R.S.A. die verslag van 'n kommissie, bestaande uit deskundiges, wat ondersoek ingestel het na aanleiding van die saak van Demitrio Tsafendas, wat die Eerste Minister van die Republiek, dr. H. F. Verwoerd, in 1966 vermoor het.

Die eerste Romeinse wetgewing van regsmediese belang het na oorlewering gekom van die tweede koning van Rome, Numa Pompilius (Romulus was die eerste koning), ongeveer in die jaar 600 v.C. Die liggame van alle vrouens wat gedurende kraam gesterf het, moes geopen word in 'n poging om die ongebore baba se lewe te red. Op hierdie manier is Scipio Africanus 237 jaar v.C. (Scipio het later as jong generaal vir Hannibal by Zama in 202 v.C. verslaan) en later Julius Ceasar op 12 Julie 100 jaar v.C. verlos. Julius Ceasar het later die eerste keiser van die Romeinse Ryk geword en die chirurgiese ingreep waaraan hy sy lewe te danke het, naamlik die keisersnee, is na hom vernoem. Die lyke van vrouens wat gedurende die kraamproses gesterf het en nie 'n keisersnee ondergaan het nie, mag destyds nie begrawe geword het nie.

In die LEX AQUILLIA van 572 v.C. word daar o.a. gehandel oor die dodelikheid van wonde. As voorbeeld word die volgende genoem: As 'n slaaf verwond is maar die wond self nie dodelik was nie en die slaaf sterf daarna as gevolg van nalatigheid, is die verwonding van die slaaf, en nie sy dood nie, die enigste aanklag teen die aander.

Die volgende Romeinse wetgewing van regsmediese belang word gevind in die XII

tafels, 499 v.C., wat swangerskap as maksimaal 300 dae bepaal. Dit was van belang waar die vader gesterf het of lank weg was en die kind se siviele regte, soos bv. erfreg, in gedrang was. Strawwe was ligter vir persone wat nog nie puberteit bereik het nie. Geneesmiddels moes duidelik beskrywe word as skadelik of as genesend van aard. 'n Vader kon sy erg gebrekklike kind om die lewe bring (genadedood).

In die LEX CORNELIA van Sulla (138 - 78 v.C.) is bepaal dat daar toesig oor prostitusie moes wees; swangerskap moes deur vroedvrouens vasgestel word; doelgerigte beëindiging van swangerskap is swaar gestraf en die geneesheer wat die dood van sy pasiënt veroorsaak het, is òf verban òf onthoof.

Toe Julius Ceaser in die jaar 44 v.C. vermoor is, is sy lyk in die Forum ten toon gestel, waar die geneesheer Antistius ten aanskoue van die publiek die liggaam ondersoek het. Antistius het vasgestel dat slegs een van die 23 wonde dodelik was. Die penetrerende steekwond het die borskas tussen die 1ste en 2de ribbes binnegedring. Die liggame van die tribune Genucius en Germanicus is vroeër op soortgelyke wyse, ook in die Forum, ondersoek. Dit is waarskynlik ook die oorsprong van die begrippe Forensiese Medisyne en Forensiese Wetenskap. Wat die mediese kennis betref, het die Romeine die gesag van Hippocrates erken: PROPTER AUCTORITATEM DOCTISSIMI HIPPOCRATIS (op grond van mees geleerde Hippocrates se gesag).

Plinius die Ouere (23 - 79 n.C.) maak ernstig beswaar teen die onkunde van sommige geneeshere en bekla die feit dat daar nie 'n wet is waarkragtens dom dokters gestraf word nie. Hy skrywe oor skyndood, skielike onverwagte dood, selfmoord en menopouse, maar oor die kwessie van dom dokters praat hy blykbaar sy mond verby, want hy skrywe dat die lyke van mans op hulle rûe in die water drywe, terwyl die lyke van vrouens met die gesigte na onder dryf.

Soranus (98 - 138 n.C.), wat oorspronklik van Efése gekom het en sy opleiding by die destydse beroemde mediese skool van Alexandrië gehad het, het in die 2de eeu in Rome gepraktiseer. Soranus bevorder die sistematiek van geneeskundige ondersoek en maak gebruik van perkussie en beluistering. Hy word deur baie beskou as die grondlegger van die Ginekologie, Verloskunde en Pediatrie. Hy het baie sterk beswaar gemaak teen gebruike wat by moeilike bevallings gevolg is. Hy het 'n kategismus in Grieks vir vroedvroue geskryf, wat later in Latyn vertaal is en baie jare gegeld het. Die feit dat Soranus glad nie melding van die maagdevlies gemaak het nie, word deur geskiedskrywers beskryf as tiperend van die sosiale lewe van Rome van daardie

tyd.

Ook die Romeinse tydperk eindig met min bewyse dat die geneesheer as deskundige getuie is in die howe gelewer het by die beslegting van sake waar mediese kennis ter sprake was.

DIE OORGANGSTYDPERK

Die Romeinse Ryk kom tot 'n val in die 5de eeu n.C. Die veroweraars was mense van Germaanse en Slawiese herkoms en is uitgekryt as barbare en vernietigers van die beskawing. Snaaks genoeg was dit juis hierdie mense wat vir die eerste keer statutêr bepaal het dat deskundige mediese getuie is waar nodig in die howe gelei moes word. Met die instelling van die sogenaamde WERGELD moes geldelike vergoeding deur die aanrander aan die klaer, of in die geval van moord aan die naasbestaandes, betaal word. Die wonde moes noukeurig deur die geneesheer in die hof beskryf en geklassifiseer word. Die LEX ALEMANNORUM het in 'n tydperk van 500 jaar vorm aangeneem en daar is bepaal dat slegs bekwame en bevoegde persone die wonde kon ondersoek en verslag daarvoor kon lewer. Spesiale voorsiening is gemaak vir beserings aan 'n swanger vrou asook vir moontlike beserings aan die ongebore baba. Oor die algemeen was die wetsmetodes maar primitief en het godsdienstige opvattinge 'n groot rol gespeel.

Karel die Grote (Charlemagne) 742 - 814 n.C. het in sy poging om die Romeinse Ryk te herstel, die noodsaaklikheid van 'n wetstelsel wat vir die hele Ryk gelykvormig sou wees, ingesien en sy biskoppe hieroor opdragte gegee. Belangrik is die opdrag dat die regters die advies van mediese getuie is moes inwin en aanvaar in gevalle van aanranding, kindermoord, selfmoord, verkragting en bestialiteit. Alhoewel dit as die begin van die Geregtelike Geneeskunde beskou kan word, was hierdie ontwikkeling maar baie kortstondig, en na die dood van Karel die Grote het chaos weer ontstaan.

VROEË ONTWIKKELING IN ITALIË

Rugiero II van Sicilië reik in 1140 'n bevelskrif uit waarvolgens alle geneeshere 'n eksamen moet aflê. Dit was 'n poging om die praktisering van kwaksalwers te voorkom. Frederick II gelas in 1224 dat geneeshere eksamen moes aflê, gebaseer op die leerstellings van Hippocrates, Galen en Avicenna. Die student moes 21 jaar oud wees en moes nie 'n buite-egtelike kind wees nie. Hy moes logika vir 3 jaar en medisyne vir 5 jaar studeer en een jaar vakleerlingskap deurloop. Na aflegging van die eksamen moes die geneesheer 'n eed aflê en o.a. belowe om die armes gratis te behandel, om

sy pasiënte twee keer per dag en een keer snags te besoek indien nodig en geen gifstowwe voor te skryf nie. Frederick II het ook beveel dat 'n menslike liggaam een keer elke 5 jaar in die openbaar gedissekteer moes word.

Pous Innocentius III beveel in 1209 dat geneeshere by die howe aangestel moet word om die geaardheid van wonde te beskrywe en verslag daaroor te doen. 'n Interessante voorval word beskryf waar 'n dief in 'n kerk gesteel het en wonde deur verskeie persone toegedien is, onder andere deur een van die Pous se priesters, wat 'n graaf as wapen gebruik het. Die dief het gesterf. Die Pous wou van die geneesheer weet of die noodlottige wond deur sy priester se graaf veroorsaak kon gewees het.

Nie alle wetgewers het die wetenskaplike insig van 'n Pous Innocentius III gehad nie. Pous Gregorius IX beveel in 1234 in sy NOVA COMPILATIO DECRETALIUM onder andere dat met 'n aansoek tot nietigverklaring van 'n huwelik op grond van impotensie 3 geneeshere en 3 vroedvroue 'n poging tot die seksdaad deur die betrokke partye moet aanskou en dan verslag doen. Die geneeshere van daardie tyd het sterk hierteen beswaar gemaak, maar hierdie skandalige praktyk is in Frankryk eers in die jaar 1677 afgeskaf. Ander onsmaaklike bepalings van die NOVA COMPILATIO DECRETALIUM gaan onder andere oor die aanwesigheid van mediese deskundiges by die marteling van mense; hierdie praktyk het voortgeduur tot die 18de eeu met die gevolg dat ou werke oor die Geregtelike Geneeskunde hierdie grusame onderwerp behandel het.

Daar is veelvuldige bewyse dat die howe in Frankryk gedurende die Middeleeue van chirurge as deskundiges in sake van mediese aard gebruik gemaak het. Die chirurge se verslae het egter slegs gegaan oor die uitwendige waarneming van die liggaam, met soms oppervlakkige insnydings. Nekropsie, d.w.s. die disseksie van 'n lyk, was deur die Kerk verbied.

Ongeveer 1250 n.C. verskyn daar in China 'n lywige boek getitel Hsi Yuan Lu, wat meer gevorderde kennis oor die Geregtelike Geneeskunde as die destydse Westerse wêreld toon. Verpligte nadoodse ondersoek is op alle verdagte gevalle van onnatuurlike sterftes gedoen. 'n Noukeurige uitwendige ondersoek van die lyk is gedoen, maar die lyksbeskouers is deur almal verag.

Die jaar 1374 is myns insiens 'n gedenkwaardige jaartal vir geneeskunde, want in dié jaar het die Pous toestemming vir nekropsies aan die fakulteit van Montpellier verleen.

In 1507 stel Baron von Schwartzberg 'n volledige en sistematiese regscode van

strafreg op onder beskerming van die Biskop prins Georg van Bamberg. Die Codex Bambergensis vereis onder andere dat mediese getuienis gelei moet word in alle gevalle van geweldadige dood. Die Codex Bambergensis word deur keiser Karel V in sy geheel aanvaar en gewettig in 1532 as die LEX CAROLINA. Die regscode maak voorsiening vir die beoefening van geregtelike geneeskunde soos ons dit vandag ken. Die wetgewing is belangrik aangesien dit die howe noop om van mediese getuienis in sekere sake gebruik te maak. Dit maak voorsiening vir die dissekering van lyke in 'n eerlike poging om die omvang van beserings en die aard van siektes vas te stel. Die wetgewing was grootliks daarvoor verantwoordelik dat die Geregtelike Geneeskunde tot 'n selfstandige dissipline ontwikkel het. Leerstoele in die Geregtelike Geneeskunde word sedert die einde van die 17de en die begin van die 18de eeu in Duitsland daargestel. Die Lex Carolina is spoedig deur aangrensende lande in Wes-Europa, soos bv. Frankryk, aanvaar en in gebruik geneem.

Die eerste groot bydrae tot ons kennis van die Geregtelike Geneeskunde kom in die 17de eeu met Jan Swammerdam se ontdekking (1667) dat fetale longe op water sal drywe as die baba wel asemgehaal het. Dié verskynsel, wat Swammerdam die Drijftproeft noem, is vir die eerste keer in die praktyk gebruik deur Johann Schreyer, 'n geneesheer te Zeits, Silesië, in die jaar 1681 tydens 'n hofsak waar 'n 15-jarige dogter van kindermoord aangekla is. Die dryfproeft het sedertdien onder die spervuur van kritici gekom, maar word selfs vandag nog gebruik aangesien slegs histologiese ondersoeke van die longe meer betroubaar is. Galen het weliswaar geskryf dat daar 'n verskil in longweefsel voor en na geboorte is, maar nou betree ons 'n tydperk waar die geneesheer 'n diens moet lewer aan die howe met feitlike, of anders gestel, wetenskaplik gefundeerde getuienislewering. Uit die polemie wat in geneeskundige kringe ontstaan het na Johann Schreyer se geneeskundige verslag in die hof, kry ons as resultaat 'n gesonde soeke na wetenskaplike kennis, want geen spekulasie word in die howe as bewyslewering aanvaar nie.

Daar is twee vereistes wat geld in alle dissiplines van die Geneeskunde: eerstens, 'n deeglike ondersoek van die pasiënt en, tweedens hiermee gelykstaande, eerlikheid. Ook in die Geregtelike Geneeskunde geld dié goue reëls, met die voorbehoud dat die woord „pasiënt” soms in aanhalingstekens geplaas kan word.

Ek noem vir u as voorbeeld 'n alledaagse geval van getuienislewering in 'n saak wat werklik plaasgevind het: Vier ooggetuies het beëdigde verklarings in die hof afgelê. Wat hulle almal moontlik of waarskynlik

gesien het, was 'n mooi jong dame op 'n straathoek.

1. Getuie nommer een was 'n jong dame en het aan die hof tot in die fynste besonderhede vertel hoe die modieuse vrouetabbertjie, handsak en skoesel gelyk het wat sy op die aangewese straathoek gesien het. Onder kruisverhoor het sy toegegee dat dit baie eienaardig is dat die tabbert en handsak somer so in die lug beweeg het, maar sy kan glad nie onthou hoe die persoon gelyk het wat die klere, handsak en skoene gedra het nie.
2. Getuie nommer twee was 'n bejaarde ou dame, wat 'n jong dogter gesien het.
3. Getuie nommer drie was 'n jong seuntjie, wat 'n lelike ou tannie gesien het.
4. Die laaste getuie was 'n jong man, wat aan die sigbare verbaasde hof vertel het van 'n naakte jong vrou wat hy gesien het.

Al vier getuies het na hulle beste wete die waarheid en niks minder as die waarheid nie gepraat: dit is immers wat hulle gesien het. Die geneesheer is by uitstek die geskikste persoon om landshowe te lei aangaande die biologiese aspekte van menswees.

Die huidige verhouding is:

1. Die reg volg die publiek, deur wie die wetgewer daargestel word.
2. Die publiek volg die Geneeskunde in mediese aangeleenthede. Die mediese professie beklee dus 'n bevoorregte posisie in die samelewing, spruitend uit agting wat die publiek het vir die professie. Hierdie agting is gebaseer op die deskundigheid waarmee die medikus sy taak volbring en op sy persoonlike integriteit.

Hierdie agting is die Achilleshiel van die medikus indien hy toelaat dat sy ego so gestreel word dat sy oordeel versteur word. Die versperring tussen geneesheer en beste optrede om die regspleging te dien, is die feit dat nie alle geneesheer bereid is om indien dit wel die geval is, in die hof te sê: „Ek weet nie!” Die geneesheer in 'n opposisiepraktyk op die platteland word dikwels gekonfronteer met 'n vraag waarvan die antwoord gespesialiseerde kennis van die een of ander dissipline in die Geneeskunde verg. As die geneesheer dan voel hy moet iets sê om sy waardigheid as 'n moderne Hippocrates te pas, ongeag of sy antwoord volgens bestaande mediese kennis as onsin beskou kan word, bestaan die feit in die hof dat hy 'n opinie gegee het. Die hof moet volgens ons regspleging kennis neem van die geneesheer se opinie, want enige geneesheer is 'n deskundige getuie in ons landshowe. As die geneesheer eerlik sê: „Ek weet nie”, ontsien die hof geen koste om die dienste van 'n deskundige op die gebied van enige vakgebied as getuie te

verkry nie. Enige geneesheer kan die funksie van getuieslewing in sake spruitend uit mediese aangeleenthede vervul en die geneesheer hoef nie noodwendig 'n distriktgeneesheer of 'n staatspatoloog te wees nie. Alle voorgraadse mediese studente ontvang dus onderrig in die Geregte Geneeskunde.

Een siening van 'n belangrike funksie van howe is: om te besleg in die dinge wat mense aan mekaar doen. 'n Shakespeare kan wel wyse woorde deur 'n karakteruitbeelding laat spreek:

“For murder, though it have no tongue,
will speak
With most miraculous organ”

Volgens mediese etiek kan die geneesheer van vandag nie van Shakespeare se metodes van spoke en toneelspelers gebruik maak om sy probleme op te los nie. 'n Voorbeeld hiervan wat die genoemde ontwikkeling van die Geregte Geneeskunde aan u voorhou, is die volgende: By die Bantoe in sy tuisland (met nog hegte stamverband) is die huwelik 'n heilige instelling. Vroeër was dit so dat as 'n man sy vrou met owerspel betrap, hy beide sy vrou en die vreemde man moes doodmaak. As hy dit nie doen nie, moet hy as boete 8 tot 12 beeste aan die Kgotla (kaptein en sy raadslede) gee. As die vrou selfs in ons huidige tydsvak die man met 'n ander vrou met owerspel betrap, gaan sy na die stamtoordokter, wat vandag nog die funksie van geneesheer, geestelike en bewaarder van die wet vervul. Die toordokter kan met sy kennis van plante heel en 'n Ngaka wees of doodmaak en Baloi of Toornaar wees. Dit is goed gedokumenteerd dat die toordokter dan die jong blare van die magoubossie (ook bekend as gifblaar), aan die veronregte vrou gee. Die blare van die magoubos word fyngestamp en die sap in die bier van die stout man gegooi. Die dood tree binne een uur na inname van die brousel in. Volgens wet nommer 58 van 1959 moet enige persoon wat vermoed of weet dat 'n sterfgeval onnatuurlik is, dit sonder versuim by die Polisie of Landdros aanmeld. As daar tot die hou van 'n lykskouing besluit word, sal die eerlike geneesheer se bevinding van oorsaak van dood wees: „Kan nie bepaal word nie”, of „Selfs met behulp van die ligmikroskoop kan ek u verseker: Geen anatomiese oorsaak van dood kan gegee word nie”.

In enkele gevalle van vergiftiging met die magoubos (dichapetalose) is die kliniese waarneming van ventrikulêre fibrillasie persoonlik gemaak voordat die dood ingetree het.

Intensiewe navorsing is op vergiftiging met magoubos by diere gedoen. Ons weet nou dat die oorsaaklike bestanddeel waar-

skynlik die uiters giftige monofluorasynsuur is, wat op sellulêre vlak die energie van die sel (en veral die hartspier) belemmer. Ensieme in die sitroensuursiklus word vernietig. 'n Sterfwyse, wat geen vormlike veranderinge laat waaraan die doodsoorsaak geken kan word, is dus hier betrokke (metaboliese dood). Die kliniese beeld is egter dié van 'n akute linker- sowel as regterhartversaking.

Selfs al sou die geneesheer wat die lykskouing doen magoubosvergiftiging vermoed, of selfs al word hy aangaande die kliniese beeld van die agonie ingelig, kan hy nie op sy lykskouingsbevindinge alleen 'n positiewe diagnose van die doodsoorsaak gee nie. Sou hy op sterkte van die kliniese beeld die diagnose van versaking van die pompwerking van die hart as doodsoorsaak postuleer, sal hy hom skuldig maak aan die lewering van 'n hoor-sê-ge-tuienis.

Indien met behulp van die Forensiese Wetenskap die teenwoordigheid van monofluorasynsuur aangetoon word, sal die hele klinies-patologiese korrelasie in perspektief gestel kan word. Laasgenoemde, naamlik om uiteindelik die kloutjie by die oor te bring, is die werksfeer van die geregtelike patoloog. Indien die geregtelike patoloog dus tydig in probleme van die aard en omvang getoon in die voorafgaande

praktiese voorbeeld deur sy kollegas geken word, kan die beste belang van die regspleging in die landshowe gedien word.

DEPARTEMENT GEREGETELIKE GENEESKUNDE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Toe die Departement op 4 Desember 1944 ingestel is, is prof. R. H. Macintosh van die Universiteit van die Witwatersrand as departementshoof en deeltydse professor aangestel. Hy het egter nooit in Pretoria gedoseer nie. As senior lektor het van die begin af opgetree dr. C. J. N. Loubser, ook van Johannesburg. Toe prof. Macintosh in 1945 bedank het, het dr. Loubser hom as senior lektor en departementshoof opgevolg. In 1946 is hy tot professor bevorder, welke pos hy gevul het tot sy dood in 1965. Na die oorlye van prof. C. J. N. Loubser het dr. H. van P. Koch as senior lektor opgetree en sedert Januarie 1970 is hy bevorder as professor en hoof van die departement. Prof. H. van P. Koch sterf op 25 Junie 1973.

Die eerste twee kandidate vir die graad M.Med. (Med. Forens.) het in 1967 met hulle nagraadse studies in die Geregtelike Geneeskunde begin. Dit het moontlik geword met die medewerking van die Staatsdepartement Gesondheid, wat twee voltydse distriksgeneeshere vir dié doel beskikbaar gemaak het. Die twee eerste kandidate het hulle kursus in 1970 voltooi.

THE DEVELOPMENT OF FORENSIC MEDICINE

The earliest mention of facets of what today is known as "Forensic Medicine" are to be found in writings from Babylon, ancient Egypt, the Roman Empire, India, and China. Many mediaeval Papal laws were formulated to control the relationship between physician and patient. Some laws protected the populace from negligent or irresponsible practitioners, whereas others were to the advantage of the doctor rather.

Forensic Medicine became an independent discipline when, in 1532 the LEX CAROLINA appeared in Germany. This law provided for the dissection of bodies for the purpose of determining causes of death, and this meant that medical evidence was to acquire increasing importance in the Courts. Other western countries very soon adopted the LEX CAROLINA, and, conse-

quently from this date there was rapid development in forensic medicine.

The duty of the Medical Practitioner in the law courts is to give expert evidence and advice. This entails his giving detailed descriptions of the nature and the extent of injuries determined in clinical or post mortem examination, as well as his appearing in an advisory capacity. Any Medical Practitioner may be summoned to court to give expert advice, and it is for this reason that all medical undergraduates are taught the essentials of Forensic Medicine.

The Department of Forensic Medicine at the University of Pretoria has been in existence since 1944 and since 1967 has been training both undergraduate and post-graduate students.

PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT.

1. „Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte“ — Dr. P. C. Coetzee.
2. „Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek“ — Prof. B. F. Nel.
3. „Die Toenemende belangrikheid van Afrika“ — Adv. E. H. Louw.
4. „Op die Drumpel van die Atoomeeu“ — Prof. J. H. v.d. Merwe.
5. „Livestock Philosophy“ — Prof. J. C. Bonsma.
6. „The Interaction Between Environment and Heredity“ — Prof. J. C. Bonsma.
7. „Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958“.
8. „Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948“ — Prof. H. J. J. Reynders.
9. „Suiwelbereiding as Studieveld“ — Prof. S. H. Lombard.
10. „Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte“ — Prof. J. J. Matthee.
11. „The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children“ — Prof. D. G. Steyn.
12. „The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex.“ Part 1. — Dr. C. J. Liebenberg.
13. „The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types.“ — Dr. C. J. Liebenberg.
14. „Protective action of Fluorine on Teeth.“ — Prof. D. G. Steyn.
15. „A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals.“ — Dr. C. P. Snyman.
16. „Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria.“ — Prof. D. M. Joubert.
17. „Die Bestryding van Plantsiektes.“ — Prof. P. M. le Roux.
18. „Kernenergie in Suid-Afrika.“ — Prof. A. J. A. Roux.
19. „Die soek na Kriteria.“ — Prof. A. P. Grové.
20. „Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap.“ — Prof. E. B. van Wyk.
21. „Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk.“ — Prof. D. J. Stoker.
22. „Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie“ — Prof. P. C. Snijman.
23. „Freedom — What for“ — K. A. Schrecker.
24. „Once more — Fluoridation“ — Prof. D. G. Steyn.
25. „Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde“ — Prof. P. C. Coetzee.
26. „Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.“ — Prof. J. A. Lombard.
27. „The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal.“ — Dr. C. J. Liebenberg.
28. „Die Inligtingsprobleem.“ — Prof. C. M. Kruger.
29. „Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies“ — Prof. D. G. Steyn.
30. „Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief“ — Prof. F. van der Stoep.
31. „Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap.“ — Prof. Anna S. Pohl.
32. „The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal“ — Dr. D. Page.
33. „Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Profesie.“ — Prof. J. J. N. Cloete.
34. „Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit.“ — Prof. J. A. E. Leue.
35. „Analitiese Chemie“ — Prof. C. J. Liebenberg.
36. „Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing“ — Prof. D. J. L. Visser.
37. „Moses by die Brandende Braambos.“ — Prof. A. H. van Zyl.
38. „A Qualitative Study of the Nodulating Ability of Legume Species: List 1.“ — Prof. N. Grobbelaar, M. C. van Beyma en C. M. Todd.
39. „Die Messias in die Saligsprekinge.“ — Prof. S. P. J. J. van Rensburg.
40. Samevattinge van Proefskrifte en Verhandeling 1963/1964.
41. „Universiteit en Musiek.“ — Prof. J. P. Malan.
42. „Die Studie van die Letterkunde in die Bantoetale.“ — Prof. P. S. Groenewald.
43. Samevattinge van Proefskrifte en Verhandeling 1964/1965.
44. „Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe.“ — Prof. G. Cronjé.
45. „Die Verboude Grond in Suid-Afrika.“ — Prof. D. G. Haylett.

46. „'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo.“ — Prof. Charlotte Searle.
47. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1965/1966.
48. „Op Soek na Pedagogiese Kriteria“ — Prof. W. A. Landman.
49. „Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou.“ — Prof. D. F. Mostert.
50. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1966/1967.
51. “Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment, of disease” — Prof. Douw G. Steyn.
52. “Honey as a food and in the prevention and treatment of disease.” — Prof. D. G. Steyn.
53. “A check list of the vascular plants of the Kruger National Park.” — Prof. H. P. van der Schijff.
54. “Aspects of Personnel Management.” — Prof. F. W. Marx.
55. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1967/1968.
56. „Sport in Perspektief.“ — Prof. J. L. Botha.
57. „Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid“ — Prof. J. A. Heyns.
58. „Onkruid en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika“ — Prof. P. C. Nel.
59. „Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situatie in Psigopedagogiese Perspektief“ — Prof. M. C. H. Sonnekus.
50. „Kristalhelder Water“ — Prof. F. A. van Duuren.
61. „Arnold Theiler (1867-1936) — His Life and Times“ — Dr. Gertrud Theiler.
62. „Dr. Hans Merensky — Mens en Voorbeeld“ — Prof. P. R. Skawran.
63. „Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede“ — Prof. F. J. du Toit Spies.
64. „Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktijk (M. Prax. Med.) van die Universiteit van Pretoria“ — Prof. H. P. Botha.
65. Samevatting van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969.
66. „Kunskritiek“ — Prof. F. G. E. Nilant.
67. „Anatomie — 'n Ontleding“ — Prof. D. P. Knobel.
68. „Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek“ — Prof. F. J. Potgieter.
69. „Die Eenheid van die Wetenskappe“ — Prof. P. S. Dreyer.
70. „Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap“ — Dr. G. W. v.d. Merwe.
71. „Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan“ — Prof. W. L. Jenkins.
72. „Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme“ — Prof. J. O. Grunow.
73. “Some Problems of Space and Time” — Mnr. K. A. Schrecker.
74. „Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens“ — Prof. J. P. Oberholzer.
75. Titels van Proefskrifte en Verhandeling ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972.
76. „Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp“. Prof. D. J. Swiegers.
77. „'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk“. — Prof. J. J. de Klerk.
78. „Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek“ — Prof. C. J. van Dyk.
79. „Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning“ — Prof. J. M. T. Labuschagne.
80. Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Januarie — 9 Februarie 1973.
81. „Volkekunde en Ontwikkeling“ — Prof. R. D. Coertze.
82. „Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika“ — Prof. F. W. Marx.
83. „Bakensyfers vir Diereproduksie“ — Prof. D. R. Osterhoff.

Pta. Drukkers

ISBN 0 86979 084 6